higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N6

(5140236)

26 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

DRIE verwysingswerke, insluitend EEN woordeboek, word toegelaat.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: MONDELINGE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

VRAAG 1

Die crèche waar jy werk het besluit om 'n seminaar oor die onderwerp: 'Moet ma's saam met hul kinders tuis bly, of terug gaan werk toe?', aan te bied. Julle het besluit om die sielkundige, Alta Loock, as gasspreker te nooi.

Jy moet vir die ontmoeting met haar voorberei en daarvoor lees jy die artikel in die BYLAE (aangeheg), 'Ma se besluit, tuisbly of werk'.

Lees die artikel sorgvuldig deur en beantwoord die vrae.

1.1 Wanneer is dit vir ma's maklik om te besluit of hulle moet teruggaan werk toe en of hulle tuis moet bly wanneer hulle kinders kry?

1.2 Moet 'n ma toelaat dat ander haar besluit hieroor beïnvloed? HAAL uit die artikel AAN om jou antwoord te staaf.

1.3 Waarom behoort 'n ma, volgens Alta Loock, by haar keuse te berus? Gebruik jou eie woorde om haar siening weer te gee.

1.4 Watter rol speel finansiële omstandighede in 'n ma se besluit om terug te gaan werk toe of nie?

1.5 Wat beskou Alta Loock as goeie wisselwerking tussen ma en kinders?

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

Jy is die gasspreker by die seminaar wat in VRAAG 1 genoem word. Alhoewel jy na die inligting in die artikel mag verwys, skryf jou eie kort, oorspronklike inleidende en slotparagrawe in die ANTWOORDBOEK. **[10]**

VRAAG 3

Na jou toespraak kry die gehoor kans om vrae te vra. Jy het die sessie afgesluit deur die vrae wat ma's in hul besluit moet oorweeg, op te som.

Gebruik jou eie woorde om 'n kort paragraaf te skryf wat op die vrae in die artikel gebaseer is. Jy mag slegs stellings en nie vrae nie, gebruik. **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: TAALVAARDIGHEDE

VRAAG 4

4.1 Herskryf die volgende stellings in die indirekte rede deur met die volgende woorde te begin: Sy het gesê ...

4.1.1 'Geniet dit. Moenie bekommer oor wat moet of behoort te gebeur nie. Maak elke dag van jou kind se lewe so genotvol moontlik.' (4)

4.1.2 'My raad aan ander vrouens in my posisies is dat, wanneer jy besluit om 'n werkende ma te wees, jy jou maat se ondersteuning moet hê – emosioneel en om in die huis te help.' (4)

4.1.3 'Moenie in die slaggat trap om jou familie se wil en behoeftes slaafs na te volg nie.' (2)

4.2 Skryf die volgende stellings in die lydende vorm oor.

Begin met die onderstreepte woorde.

4.2.1 Finansiële omstandighede speel dikwels <u>'n belangrike</u> rol in 'n vrou se besluit om aan te hou werk. (2)

4.2.2 Ma's wat tuis bly moet <u>sorg</u> dat hulle nie stagneer nie en genoeg eksterne stimulasie kry. (3)

4.3 Verander die volgende stellings in vrae deur die woorde tussen hakies te gebruik.

4.3.1 Ek het te veel blikkieskos gekoop omdat ek impulsief was. (Waarom) (2)

4.3.2 Verbruikers moet pryse vergelyk voordat hulle duur voedsel koop. (Wat) (2)

4.4 Verander die volgende sinne na die meervoud:

4.4.1 Hy het sy vrou se gesig gesien. (2)

4.4.2 Alhoewel sy toegewyd is om haar eie kind op te voed, neem sy haar na 'n speelgroep toe. (2)

4.4.3 Lynn is nou 'n persoonlike assistent en beplan om binnekort 'n baba te hê. (2)

Kopiereg voorbehou

4.5 Proeflees die volgende paragraaf. Skryf die paragraaf oor en onderstreep die veranderinge wat jy aanbring. Daar is spel-, leesteken- en hoofletterfoute.

maria was buite harself Daar was geen kinderhuise tans en sy het twee baba's om na om te sien. Sy omskep toe haar huis in 'n sentrum en hulp het gekom toe sy dit die nodigste gehad het.
Kerk e het donasies gestuur en geskenk gebring. Som tyds terwyl sy bit vir help lui die tele foon en iemand biet hulp aan of om te hulp. Jong paartjie word geadviseer om 'n geskikte plek te vind in 'n dagsorg sentrem as hulle besluit om terug te keer werk toe. (15)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: LEES EN SKRYFVAARDIGHEDE

VRAAG 5

Lees die artikel in die BYLAE (aangeheg) en beantwoord die vrae.

5.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n woord/woorde in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Sielkundige	A	Caitlin
5.1.2	Tuisblyma	B	Orange Grove
5.1.3	Lynn Saunders	C	Alta Loock
5.1.4	Gautengse dorp	D	Natalie Rosen
5.1.5	5 jaar oud	E	kry jou maat se ondersteuning
5.1.6	F	F	Lynn
5.1.7	'Het steeds nie berou nie'.	G	sielkundige
5.1.8	Persoonlike assistent	H	jaar oud

(8 × 2) (16)

5.2 Skryf TWEE paragrawe oor jou siening oor ma's wat werk of tuis bly. Onthou die onderwerp en die logiese aanbieding van die twee paragrawe. (14)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: VERGADERINGS, SEMINARE EN KONFERENSIES

VRAAG 6

Gebruik die artikel in die BYLAE (aangeheg), 'Ma se besluit: tuisbly of werk' as verwysing.

Ontwerp 'n briefhoof vir die crèche wat jy onlangs oopgemaak het en skryf 'n brief aan Me Alta Loock om haar as gasspreker uit te nooi na die seminaar wat julle as fondsinsameling beplan. Onderwysers en ouers van die crèche sal die seminaar bywoon. Die onderwerp van die bogenoemde artikel sal die tema van die seminaar uitmaak.

Onthou am ALLE relevante besonderhede in die uitnodiging aan die gasspreker in te sluit. **[20]**

VRAAG 7

Stuur 'n kennisgewing en agenda aan AL die personeel van die crèche om hulle in kennis te stel van 'n dringende spesiale vergadering wat belê word oor die beplanning van die akkommodasie- en reisreëlings vir die gasspreker van die seminaar. Die volgende items gaan ook bespreek word: uitnodigings, persverklaring en spyseniering. Jy mag oor die tyd, plek en datum vir die seminaar besluit. **[15]**

TOTAAL AFDELING D: 35

AFDELING E: TEKSSTUDIE

VRAAG 8

Lees die gedig hier onder en beantwoord die vrae.

Kabouterliefde

Die kabouter met sy rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gisteraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaanwals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met sy rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
O! dis hier waar die liefde lê

Deur Ingrid Jonker

8.1 Wie is die digter? (2)

8.2 Wat is die funksies van herhaling in 'n gedig? (2)

Kopiereg voorbehou

8.3 LYS die woorde of frases wat in die gedig herhaal word. (3)

8.4 In EEN paragraaf van TIEN sinne verduidelik die tema van die gedig in jou eie woorde. (10)

8.5 Verduidelik die betekenis van die volgende stylfigure en gee EEN voorbeeld van elk soos dit in die gedig voorkom.

8.5.1 Vergelyking

8.5.2 Hiperbool

8.5.3 Metafoor

8.5.4 Personifikasie

8.5.5 Enjambement

(5 × 2) (10)

8.6 Gee die teenoorgestelde woorde van:

8.6.1 Liefde

8.6.2 Wit

8.6.3 Slaap

(3 × 1) (3)
[30]

TOTAAL AFDELING E: 30

AFDELING F: JOERNALISTIEK

VRAAG 9

9.1 Skryf 'n brief aan die redakteur van enige baba-en-kindertydskrif en gee jou mening oor ma's se beluit om terug te gaan werk toe of om by die kinders by die huis te bly. Motiveer jou standpunt deur redes vir jou keuse te verskaf. Maak aanbevelings om ander ma's in hierdie posisie van raad te bedien. Die inhoud van jou brief moet NIE minder as 150 woorde wees nie. (15)

9.2 Jy moet 'n brosjure vir jou crèche ontwerp. Sluit ALLE relevante inligting in wat jy met voornemende ouers wil deel.

Naam van die crèche
Adres en kontakbesonderhede
Visie en missie
Ouderdomsgroep waarvoor voorsiening gemaak word
Dagprogram

(20)
[35]

TOTAAL AFDELING F: 35
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

Ma se besluit: tuisbly of werk

Vir sommige vroue is die besluit om saam met die baba by die huis te bly of om terug te gaan werk toe 'n maklike een – veral as hulle finansieel daartoe in staat is en emosioneel bereid is om tuis te bly. Vir ander is die situasie meer ingewikkeld. Finansieel het hulle geen keuse as om aan te hou werk nie, of hulle is nie seker of hulle bereid is om hul beroepsaspirasies agterweë te laat om 'n kind groot te maak nie.

'Wat belangrik is, is dat jy moet besluit wat vir jou die beste opsie is, ongeag enige druk van buite. Onthou dat 'n ongelukkig vrou 'n ongelukkige ma is', sê sielkundige, Alta Loock. As tuisblyma sê Natalie Rosen: 'Ek dink dit is moeilik om te werk en 'n ma te wees, en dit is ook moeilik om voltyds by jou kinders by die huis te wees. Kom ons wees eerlik, dit is nie maklik om 'n ma te wees nie'.

Ek het aanhou werk

Lynn Saunders (33), 'n logistieke administrateur van Orange Grove, Gauteng, is terug werk toe 12 weke nadat haar dogter, Caitlin, wat nou vyf jaar oud is, gebore is. As gevolg van haar finansiële situasie het sy nie 'n keuse gehad as om aan te hou werk nie om 'n stabiele inkomste te verseker om die bykomende onkoste te kan dra.

'Deur te werk is ek in staat om geld aan my kind te bestee en dinge te voorsien wat ek nie sou kon doen as ek tuis gebly het nie.' Lynn sê: 'My maat het my ondersteun, maar ek moet sê, sommige van my vriendinne was nie gelukkig met my besluit nie en hulle het gedink ek moet by die huis bly om na my kind om te sien'.

'Nogtans het ek geen berou nie,' sê Lynn. 'Ek dink eintlik Caitlin is beter daaraan toe omdat sy meer onafhanklik is as wat sy sou wees as sy aan my rokspante vasgeklou het. Sy was vanaf 12 weke oud in 'n crèche en is daarom gewoond aan mense, en sy is nie skaam nie. Selfs wanneer sy siek is, is sy gemaklik om by enigeen te bly, of dit byvoorbeeld haar ma of ouma is.

Alhoewel Lynn voltyds werk, gebruik sy naweke om tyd saam met haar kind deur te bring. 'Dit voel nie vir my asof ek nie my kind se lewe beleef nie. Ons doen saam inkopies, pak legkaarte, kyk video's, speel speletjies en lees saam storieboeke,' sê sy.

Lynn is nou 'n persoonlike assistent en beplan om binnekort nog kinders te hê. 'Ek beplan om my loopbaan bietjie af te skaal aangesien ek 'n bietjie tyd wil neem, hoewel ek nie dink dat ek in staat sal wees om dit te kan doen nie,' sê sy. 'My raad aan ander vrouens in my posisies is dat, wanneer jy besluit om 'n werkende ma te wees, jy jou maat se ondersteuning moet hê – emosioneel en om in die huis te help.'

Kopiereg voorbehou